

'N SKEPPENDE GRENSNYWERAAR: JAMES SMITH (1858-1934) MEUBELMAKER VAN NOORD-TRANSVAAL

Johann Tempelhoff

Universiteit van die Noorde

"The phrase 'local and concrete things' points to one of the characteristics of the genre (technical history): its affinity for the small, the monographic form. There are good reasons for this. The state of passiveness in which any sensitive historian gathers the evidence palpably favors the influx of minutiae."

Siegfried Kracauer¹

Die voorsiening van gesofistikeerde goedere en dienste op die Noord-Transvaalse grensterrein was tot diep in die twintigste eeu 'n seldsame aktiwiteit. Die streek in die geheel was, as gevolg van 'n geringe pioniersbevolking en moeilike bestaans-omstandighede, ekonomies daarop aangewese om hoofsaaklik primêre produkte soos sout, hout

en enkele landbouprodukte aan die snelgroeïende stedelike sentra van Johannesburg en Pretoria te voorsien. Daar was egter uitsonderings op die reël. Een van hulle was 'n vaardige pionier, James Smith, wat in die Magoebaskloofstreek van die Noordelike Drakensberg teen die einde van die negentiende eeu, 'n meubelbedryf tot stand gebring het.²

Die meubels van James Smith (1858-1934)³ word vandag hoog aangeslaan. Die waardering van die stukke is gebaseer op die hoë gehalte van vakmanskap en 'n eenvoudige dog smaakvolle aardse styl. In meer as een opsig is die meubels die simbool van 'n besondere tydperk in die ontwikkeling van die Noord-Transvaalse grensterrein.

Die enigmatiese James Smith

James Smith was 'n grenspionier in die ware sin van die woord. Eendersyds het hy 'n enigmatiese figuur uitgemaak. Daar bestaan byvoorbeeld onduidelikheid oor die plek van sy geboorte en die datum van sy aankoms in Noord-Transvaal. Andersyds versinnebeeld hy die grenspionier wat met doelgerigtheid en praktiese vaardigheid daarin geslaag het om op 'n moeilike grensterrein sy merk te maak.

Wat James Smith se geboorteplek betref: Daar is mense wat meen hy is in Brittanje gebore.⁴ Ander meen hy was 'n gebore Suid-Afrikaner.⁵ Volgens sy boedelstukke is James Smith op 11 September 1856 in Dordrecht in die destydse Kaapkolonie gebore.⁶ Indien die boedelstukke korrek is, beteken dit dat James Smith, weens sy plaaslike herkoms en agtergrond, later as meubelmaker gestalte gegee het aan 'n styl wat as inheems beskou kan word.

Uit omstandighedsgetuïenis wil dit voorkom asof hy homself reeds in die sewentigerjare van die negentiende eeu in Noord-Transvaal gevestig het. Hy was, volgens oorlewering, in 1878 deel van die Britse magte wat na Noord-Transvaal gestuur is om die Sotho-hoof, Sekhukhune, te onderwerp. Die Britse owerheid het 'n jaar tevore die *Zuid-Afrikaanse Republiek* (Transvaal) geannekseer en het met die militêre veldtog ten doel gehad om wet en orde in die afgeleë dele van die kolonie te vestig.⁷

Volgens die meer romantiese herinneringe aan die meubelmaker, het James Smith en vier ander soldate uit die Britse leër gedros om hulself in die omgewing van



James Smith op 'n betreklike jeugdige ouderdom.

Houtbosberg as houtkappers te vestig.⁸ Sy klein- en agterkleinkinders vertel egter dat James Smith nie uit die leër gedros het nie. Hy het bedank en homself daarna as een van die vroeë permanente blanke inwoners in die omgewing gevestig.

'n Derde moontlikheid is dat hy eers in die tagtigerjare in die berggebied gevestig het om as okkupant op 'n gratis plaas wat hy van die staat ontvang het, sy bedryf op die been te bring.

Indien dit so is dat James Smith homself reeds in die sewentigerjare hier gevestig het, beteken dit dat hy vanaf sy



James Smith, Sophia, saam met hul kinders aan die begin van die dertigerjare.

twintigste lewensjaar deel van 'n houtkappersgemeenskap was wat in die omgewing van Houtbosdorp, lank voor die aanleg van Haenertsburg in 1887, gewoon het.¹¹ Daar word vertel dat hy in die Grootbosch-omgewing van Magoebaskloof gewoon het.¹² Teen 1884 het die plaaslike gemeenskap uit sowat 40 gesinne bestaan. Daarvan was nagenoeg 76 mense houtkappers.¹³

In daardie jare het daar reeds 'n groot behoefte vir hout op die diamantvelde van Griekwaland-Wes bestaan. Hierdie vraag sou vanaf 1886 met die ontwikkeling van die Witwatersrandse goudveld toeneem.¹⁴

Die jong houtkapper het klaarblyklik min formele opleiding in algemene skrynwerk gehad. Dat hy kunstig was, ly geen

twyfel nie. James Smith was ook inderdaad 'n tipiese Noord-Transvaalse pionier - 'n energieke man met 'n magdom praktiese vaardighede.¹⁵ Eers later sou hy by sy skoonvader, die bekende Theunis Botha, die formele ambag van wamaker leer.¹⁶

Die Bothas het in die tagtigerjare in Noord-Transvaal gevestig¹⁷ nadat die regering van die *Zuid-Afrikaanse Republiek* gratis grond in ooreenstemming met die okkupasiewet van 1886,¹⁸ aan neder-setters in gedeeltes van die destydse distrikte Soutpansberg en Waterberg beskikbaar gestel het. Die Bothas was uit die Dordrecht-omgewing in die Kaapkolonie afkomstig.¹⁹


James Smith en Maria Sophia Botha is in 1888 getroud. Uit die huwelik is 14 kinders gebore. Een van die kinders het op 'n jeugdige leeftyd gesterf en vier is in die konsentrasiekamp op Pietersburg gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) oorlede.²⁰ Die ander kinders was Albert, Theunis, James, Isabella, Pieter Willemp, Carolina, Benjamin, Maria en Louis.²¹ Die twee oudste seuns, Albert en Theunis, het soos hul vader, meubelmakers geword.

Die Smith-nywerheid

James Smith en sy skoonvader was, teen die einde van die negentiende eeu, gereken onder die groot houtwerkers in die berggebied. Volgens owerheidsregisters was hulle, saam met W. van Heerden, H.J. Boshoff, A. Johnson en die *Woodbush Gold Mining Co.* die enigste gelisensieerde houtsaers in die berggebied tussen 1895 en 1898.²²

Een van die Bothaseuns, Hermanus Nicolaas Johannes Botha, het in 'n stadium saam met James Smith meubels gemaak.²³ Onderlinge onenigheid het tussen hulle ontstaan en hulle het afsonderlik van mekaar met die meubelmakery voortgegaan. Om die outentieke karakter van sy meubels te bewaar en nabootsing te voorkom, het James Smith 'n "handelsmerk" gebruik, wat op meeste van sy meubels voorgekom het. 'n Metaalplaatjie is gebruik om 'n gaatjie met konsentriese ringe op die meubels te maak. Die merk is gewoonlik op armleunings van stoele en banke aangebring.²⁴

James Smith se "fabriek" was 'n stoortjie op die plaas Vluchthoek in die Magoebaskloofomgewing. Hy het net oor die basiese toerusting beskik. Hy het nooit 'n draaibank



James Smith se "handelsmerk" was 'n reeks konsentriese ringe op die armleunings van sy stoele en banke. Dit was bedoel om nabootsing van sy meubels te voorkom.

gebruik nie. Daar was wel 'n versameling sae, beitels en die gebruiklike dissel of handbyl.²⁵ Laasgenoemde instrument was 'n algemene gebruiksvoorwerp onder 'n ouer geslag meubelmakers.²⁶

Plaaslike swartmense het hom met die noodsaaklikste saagwerk gehelp. Hulle was ook vir die afwerking van die meubels verantwoordelik.²⁷

Voordat sy kinders tot die bedryf toetree het, is James Smith deur sy vrou gehelp.²⁸ Van mev. Smith word vertel dat sy 'n merkwaardige mens met baie energie was. Sy was onder meer vir die voorbereiding en vleg van die sterk en duursame bokvelriempies verantwoordelik wat in die meubels gebruik is.²⁹ Soms, as daar 'n behoefte bestaan het, het sy selfs met saagwerk in die kuile en die afwerking van meubels gehelp.³⁰

Die Smith-styl

'n Belangrike bydrae van James Smith tot die meubelkultuur van die Transvaal van weleer, was die outentieke styl wat hy ontwikkel het. Indien dit met enige bestaande styl verbind moet word, is dit moontlik om sy benadering met *die arts and crafts*-tradisie te vereenselwig. Syne het egter 'n sterk verinheemste karakter gehad.

Die *arts* en *crafts*-beweging het in Brittanje in die laaste helfte van die negentiende eeu posgevat. Calloway en Jones verdeel die mode in twee tydfases. Die eerste, wat bekend staan as die estetiese beweging, het vanaf 1870 tot 1890 geduur.³¹ Die tweede fase, die kunstige en idilliese, het vanaf 1910 tot 1920 geduur. Die *arts and crafts*-beweging was in wese 'n reaksie op massavervaardigde goedere van minderwaardige gehalte wat in Brittanje in die negentiende eeuse era van die nywerheidsomwenteling geproduseer is.

Volgens die volgelinge van die beweging het die meganistiese tegnologie die effek gehad om skeppende kuns en warmte te onderdruk. Die *arts and crafts*-beweging was derhalwe gebaseer op morele en sosiale beginsels wat individualisme en die kreatiwiteit van die menslike gees gerespekter het.³²

Een van die belangrikste eksponente van *arts and crafts* was William Morris (1834-1896), 'n skeppende kunstenaar in eie reg, wat daarvan werk gemaak het om die gedagte van kuns in die huishoudelike omgewing te bevorder.³³ In die styl van Morris is meubels, muurpapier, tapisserieë en 'n magdom huishoudelike goedere ontwerp. Enigiets wat met die rustikale (landelike aard) verband gehou het, het nuwe betekenis onder Morris se invloed gekry.

Die *arts and crafts*-styl het James Smith baie goed gepas. Hy het homself in idilliese omstandighede op die Noord-Transvaalse grensreën bevind - 'n milieu waaroor die eksponente van die styl in Brittanje net kon droom.

Dit wil voorkom asof James Smith se styl veral met die eerste fase van die *arts* en *crafts*-beweging ooreenkomste vertoon. Maar vanwaar die invloed van *arts* en *crafts*? Dit is

moontlik dat James Smith sy besondere styl ontwikkel het uit die opdragte wat hy van klante ontvang het. Baie van hulle was van Britse afkoms en het kort voor, of kort na, die eeuwending in Suid-Afrika gevestig.



'n Elegante eetkamerstoel wat deur James Smith vervaardig is. Hierdie soort meubelstuk en die styl daarvan het aan James Smith 'n besondere status as meubelmaker besorg.

James Smith het eenvoudig die soort meubels vervaardig waaraan sy klante 'n behoefte gehad het.³⁴ Die simbiose in die ontwikkeling van styl en voorkoms tussen die meubelgebruiker en die meubelmaker, het bepaalde eienskappe van *volkse* styl. Die verplasing en verinheemse van die *arts* en *crafts*-styl in die Verenigde State van Amerika het in min of meer dieselfde tydperk plaasgevind as wat die geval was met James Smith.³⁵ Die styl het moontlik ook op dieselfde manier aldaar posgevat.

Smith en kiaat

Die materiaal wat James Smith gebruik het, was kiaat, *Pterocarpus angolensis*,³⁶ een van die mees veelsydige boomsoorte in die Suider-Afrikaanse hinterland. Vir die mens het hierdie stadiggroeiende boom 'n besondere kulturele inhoud. Die rootkleurige gom wat afgeskei word wanneer die stam beskadig is, word gebruik vir kleursel. Die hout werk betreklik maklik en mooi af.³⁷ Kiaat, ook bekend as "mukwa" of "bloodwood", is besonder waardevol. Dit is tans een van die mees geëksploteerde houtsoorte in Suid-Afrika en word deur bewaringsowerhede beskerm.³⁸

Smith het oor die geniale vermoë beskik om hierdie natuurlike materiaal in besonder mooi meubels te omskep. Daar is wel voorbeelde van enkele ander houtsoorte wat hy gebruik het, soos byvoorbeeld, waterbessie (*Syzgium cordatum*)³⁹ en grysappel (*Parinari curatifolium*),⁴⁰ maar dit was by hoë uitsondering.⁴¹ Aan die begin van die twintigste eeu was kiaat nie bedreig nie en het baie algemeen in die klowe van die Laeveld voorgekom. Dit was, volgens mnr. Andries du Toit, 'n opgeleide bosbouer en skoonseun van

James Smith, die enigste ordentlike meubelhouer wat in daardie jare algemeen buite die staat se bosreservate voorgekom het. Hy vertel dat James Smith sy hout in 'n gebied met 'n radius van tussen 40 en 48 kilometer om sy plaas Vluchthoek in die Magoebaskloofomgewing, gaan haal het. Die grootste kiasatbome in daardie jare het in die omgewing van die teenswoordige Letsitele voorgekom waar 'n boomstam met 'n deursnit van 30 tot 45 sentimeter betreklik algemeen was.⁴²

Smith word ontdek

Daar word vertel dat hy voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902), met uitsondering van die nodige stukke in sy eie huishouding, nie baie meubels vervaardig het nie.⁴³ Dit was eers na afloop van die oorlog dat hy meer op meubelvervaardiging begin konsentreer het.⁴⁴ Die vermoede bestaan dat die vraag na wamakers, soos elders in die land, begin taan het namate die brandstofaangedrewe meganiese vervoer algemeen in gebruik gekom het. James Smith het voortydig oorgeskakel, om sy voortbestaan in 'n tydperk van snelle tegnologiese ontwikkeling te verseker.

Sy bedryf het egter op die regte tyd en in die regte omstandighede op dreef gekom. Veral Kaapse meubelmakers het vanaf die tweede helfte van die negentiende eeu sterk mededinging ondervind. Groot hoeveelhede massavervaardigde meubels, vandag bekend as "cottage furniture" (kothuismeubels) is in hierdie tyd na Suid-Afrika uitgevoer en teen billike pryse deur handelondernemings verkoop.⁴⁵

Op die Noord-Transvaalse grens het hierdie meubels, weens 'n geringe blanke bevolking, slegs 'n beperkte afset gehad. Gevolglik was dit tot in die dertigerjare redelik skaars. Vir James Smith se meubelbedryf was hierdie toedrag van sake voordelig. Meubelkopers, indien hulle daarteen opgesien het om aan die Witwatersrand meubels per ossewa te gaan koop, het gewoonlik hul bestellings vir meubels by hom geplaas.

Die kopers was destyds waarskynlik onbewus van die waardevolle belegging wat hulle gemaak het. James Smith het glo vir al die inwoners op die berg meubels teen gunstige pryse vervaardig. In die dertigerjare het die tans gesogte James Smith-riempiesbank, met 'n huidige waarde van sowat R5 000, 'n geringe £7/10 gekos.⁴⁶ Een van sy kliente was kaptein Mills⁴⁷ die vader van mev. Molly Venables, wat nagenoeg 30 verskillende stukke bestel het.⁴⁸ Dr. Louis Clifford Thompson, die vader van die bekende mev. Awdrey (Googoo) Thompson, was ook een van James Smith se kliente.⁴⁹

Van James Smith se meubels is by Von Reiche se winkel op Houtbosdorp verkoop.⁵⁰ Klante het bloot hul bestellings by die winkelleienaar geplaas. Die stukke is dan na voltooiing by die handelaar se winkel afgelewer. Etlke groot ondernemings het ook regstreeks, veral kantoorstoele, by James Smith bestel.⁵¹

Lady Florence Phillips, vrou van die Randse goudmynmagnaat, sir Lionel Phillips, het James Smith letterlik



Die James Smith hoekstoel. Die meubelmaker het heelwat van hierdie stoele, onder meer vir ondernemings as kantoormeublement, gemaak.

aan die begin van die twintigste eeu "ontdek". Die gesin Phillips het plase in die Houtbosberg-Magoebaskloof-gebied besit.⁵² Die landstreek het vir hulle 'n besondere bekoring gehad.

Sy het Smith by geleentheid probeer oorhaal om sy meubelfabriek van die berggebied na Pietersburg te verskuif. Pietersburg was sedert die einde van die negentiende eeu, die grootste stedelike sentrum in Noord-Transvaal. Dit het ook oor spoorweggeriewe beskik. Die meubelmaker het egter nie sy weg oopgesien om die berg te verlaat nie. Hy het die besondere lewenswyse in een van die mooiste landstreekte van Noord-Transvaal verkies.

Lady Phillips het James Smith aan die bekende argitek, sir Herbert Baker, voorgestel.⁵³ Die gevolg was dat James Smith, benewens meubels, ook skrynwerkopdragte uitgevoer het vir die konstruksie van die Uniegebou in Pretoria.⁵⁴

Met die bystand van lady Phillips, het James Smith wel 'n aantal ongemonteerde meubels na Brittanje uitgevoer.⁵⁵ Hierdie winsgewende mark, wat steeds deur sy seuns na James Smith se dood benut is, het gedurende die Tweede Wêreldoorlog, ten einde geloop.⁵⁶

Van sy meubels wat die bekendste was, was Smith se ronde hoekstoele wat in kantore gebruik is. Baie van hierdie stoele is oor die jare deur hom vervaardig.⁵⁷ Hy het nooit volledige eetkamerstelle gemaak nie. Die meeste soorte meubels wat hy gemaak het was tafels, los stoele, ronde stoele, morris stoele en riempiesbanke.⁵⁸

Een van die laaste meubelstukke waarby James Smith betrokke was, was die vervaardiging van die preekstoel van die NG-gemeente op Duivelskloof. Dit is tans nog steeds in gebruik. Hy het dit saam met sy twee seuns Albert en Theunis vervaardig.⁵⁹

Sy liefde vir meubelmakery het James Smith tot aan die einde van sy 74-jarige leeftyd behou. Enkele dae voor sy dood op 3 November 1934, het hy nog in die fabriekie gewoel en werskaf.⁶⁰

Een van sy kleinkinders onthou James Smith as 'n saggeaarde mens - bykans 'n introvert. Hy was baie vriendelik.⁶¹ In later jare het hy 'n tipiese grootvaderfiguur uitgemaak wat baie tyd saam met sy kleinkinders deurgebring het. Hy het ook graag met kuiermense gesels wat hom in sy werkswinkel besoek het.⁶²

Versamelaars van James Smith se meubels is dit eens dat die stukke van hierdie meubelmaker meer is as net eenvoudige meubels.⁶³ Dit is skeppings wat 'n outentieke karakter openbaar en 'n styl verteenwoordig wat op die Noord-Transvaalse grensterrein gestalte gekry het.

ENDNOTE

1. S. Kracauer, *History the last things before the last* (New York, 1969) p. 89.
Skrywer is dank verskuldig aan kollega, Louis Changuion, 'n kenner van die geskiedenis van die omgewing en sy mense. Hy het die manuskrip gelees en konstruktiewe kritiek gelewer waarop met waardering gereageer is.
3. Gegewens op grafsteen van James Smith op Dieplaagte in Magoebaskloof - een van die plase wat aan hom behoort het. Besoek tydens veldwerk op 28.7.1991.
4. Afskrifte van die mondelinge onderhoude wat in hierdie studie geraadpleeg is, is ter insae in die Transvaalse Argiefbewaarplek (Voortaan TA), Pretoria onder A2046. PM VN-Tvl, X910728, p. 96. Onderhoud op Sondag 28 Julie 1991 met mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit (83) op die plaas Vluchthoek, Magoebaskloof; B. Wongtschow-Sky, *Between Woodbush and Wolkberg: Googoo Thompson's story* (Second revised edition.), p. 28.
5. TA, Argief van die Meester van die Hoogeregshof(MHG) 86995. Sterfkennis James Smith, 11.9.1856-3.11.1934.
6. TA, MHG 86995., Sterfkennis James Smith, 11.9.1856-3.11.1934.
Die standaardwerk oor hierdie veldtogte is steeds K.W. Smith, "The campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877-1879", *Archives Yearbook for South African History*, 30(2), 1967, pp. 1-69c.
8. M. De Klerk, "'n Meubel-erfenis uit Transvaal" in *Die Huisgenoot*, 1.11.1974, p. 45; B.E.H. Wongtschowski, *Between Woodbush and Wolkberg: Googoo Thompson's story* (Tweede hersiene en vergrote uitgawe, (Pretoria, 1990), p. 27.

9. TA, A2046. PM VN-Tvl, 910726, p. 19. Onderhoude op 26 en 28 Augustus 1991 met mnr. J. (Jimmy) Smith (50), Magazynstraat 126, Pietersburg.
10. TA, A2046. PM VN-Tvl, X910728, p. 96. Onderhoud op 28 Julie 1991 met mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit (83) op die plaas Vluchthoek, Magoebaskloof.
11. J. Tempelhoff, "And then came the White man" in L.J.S. Changuion (ed.), *Haenersburg 100 (1887-1987)*, (Pietersburg, 1987), p. 9.
12. TA, A2046 PM VN-Tvl, 920301, p. 68. Onderhoud op 1 Maart 1992 met mev. Gezina Elizabeth Dicke (79), (gebore Smith) op die plaas Spitsrand naby Duivelskloof.
13. D. Wangemann, *Ein zweites Reisejahr in Südafrika* (Berlyn, 1886), p. 133; TA, Argief van die Landdros Soutpansberg (LS) Band 5, p. 806. p. 806. 79/95. D.S. Mare - Staatsekretaris, 13.2.1885.
14. N.L. King, "The exploitation of the indigenous forests of South Africa", *Journal of the South African Forestry Association*, p. 44; Mendelsohn, Sammy Marks 'The uncrowned King of the Transvaal', (Kaapstad, 1991), p. 11.
15. R.N. Currey, *Vinnocombe's trek: Son of Natal. Stepson of Transvaal 1854-1932*, (Londen, 1989), p. 118.
16. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 68. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
17. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 96-97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit
18. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899* (D. Litt. et phil, Unisa, 1990), pp. 29-67.
19. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 68. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
20. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
21. TA, MHG86995. Sterfkennis James Smith 11.9.1856-3.11.1934.
22. TA, LS Band 54. Register van houtsaerlisensies uitgereik 1895-1898.
23. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
24. TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, p. 19. Mnr. J (Jimmy) Smith.
25. M. De Klerk, "'n Meubel-erfenis uit Transvaal" in *Die Huisgenoot*, 1.11.1974, p. 46; TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 68. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
26. TA, A2046, PM VN-Tvl, 911019, pp. 39, 42. Onderhoud op 19 Oktober 1991 met mnr. Schalk (Kallie) Willem Erasmus (60) van Bosveld Saagmeule, Bonsmarastraat 8, Potgietersrus.
27. TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, p. 20. Mnr. J. (Jimmy) Smith; TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
28. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 69. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
29. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 69. Mev. Gezina Elizabeth Dicke; TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, p. 19. Onderhoude op 26 en 28 Augustus 1991 met mnr.

- J (Jimmy) Smith (50), Magazynstraat 126, Pietersburg; B. Wongtschowsky, *Between Woodbush and Wolkberg: Googoo Thompson's story* (Second revised edition), pp. 116, 128.
30. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 97. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
 31. S. Calloway and S. Jones. *Traditional style: How to recreate the traditional period home*, (London, 1990), pp. 100-111, 128-136.
 32. H. Osborne, *The Oxford companion to the decorative arts*, (Oxford, Reprint, 1991), p. 49.
 33. *Ibid.*, pp. 576-580.
 34. TA, A2046, PM mev. G.E. Dicke (79), Op die plaas Spitsrand, naby Duivelskloof, 1.3.1992.
 35. P.B. Oakes, *The story of Western furniture* (London, 1993), p. 191.
 36. E. Moll (Ed.), *Keith Coates Palgrave Trees of Southern Africa*, (Third updated impression, Cape Town, 1983), pp. 321-322.
 37. TA, A2046, PM VN-Tvl, 930806, p. 86. Onderhoud op 5 Augustus 1993 met mnr. Carel (Callie) Sebastiaan Burger, Harperweg 10, Messina; TA, A2046, PM VN-Tvl, 900720, pp. 4-5. Onderhoud op 20 Julie 1990 met mnr. Wynand Scott (41), Bosveld Houtwerke, Pietersburg.
 38. J. Tempelhoff, "Pas daardie kiaat op soos 'n stukkie goud!" in *Die Noord-Transvaler*, 10.1.1992, p. 6.
 39. 'n Gesogte meubelhout in warm en waterryke klimaatstreke van Noord-Transvaal.
 40. Die hout is tradisioneel deur swartmense vir die vervaardiging van stampblokke gebruik. P. Van Wyk, *Veldgids tot die bome van die Nasionale Krugerwildtuin*. (Eerste uitgawe, tweede druk, Kaapstad, 1986), p. 49.
 41. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 72. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
 42. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
 43. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 71. Mev. Gezina Elizabeth Dicke; TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, p. 20. Mnr. J. (Jimmy) Smith.
 44. M. De Klerk, "'n Meubel-erfenis uit Transvaal" in *Die Huisgenoot*, 1.11.1974, p. 46.
 45. J. KENCH, *Cottage furniture in South Africa*, (Kaapstad, 1986), p. 11.
 46. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 97. Onderhoud op 28 Julie 1991 met mnr. Andreas (Andries) Johannes sdu Toit (83) op die plaas Vluchthoek, Magoebaskloof.
 47. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 69. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
 48. M. De Klerk, "'n Meubel-erfenis uit Transvaal" in *Die Huisgenoot*, 1.11.1974, p. 46.
 49. *Ibid.*
 50. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
 51. TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, p. 19. Onderhoude op 26 en 28 Augustus 1991 met mnr. J (Jimmy) Smith (50), Magazynstraat 126, Pietersburg.
 52. Anon., "Sir Lionel Phillips: Agriculture 'an abiding interest'" in *Zoutpansberg Review and Mining Journal*, 1.4.1932, p. 6.
 53. J. Tempelhoff, "Meubelmaker van formaat" in *Die Noord-Transvaler*, 9.8.1991, p. 6.
 54. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, pp. 96-97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
 55. TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, pp. 19-20. Onderhoude op 26 en 28 Augustus 1991 met mnr. J (Jimmy) Smith (50), Magazynstraat 126, Pietersburg; TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, p. 69. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.
 56. TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, p. 21. Onderhoude op 26 en 28 Augustus 1991 met mnr. J (Jimmy) Smith (50), Magazynstraat 126, Pietersburg.
 57. TA, A2046, PM VN-Tvl, 910726, pp. 19-20. Onderhoude op 26 en 28 Augustus 1991 met mnr. J (Jimmy) Smith (50), Magazynstraat 126, Pietersburg.
 58. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 97. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
 59. T. and B. Rossouw, *N.G. gemeente Laeveld: Half-eeufees gedenkboek 1929-1979*, (S.P., 1979), pp. 24, 26-27.
 60. TA, A2046, VN-Tvl, X910728, p. 98. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
 61. TA, A2046, PM VN-Tvl, X910728, p. 96. Mnr. Andreas (Andries) Johannes du Toit.
 62. TA, A2046, PM mev. G.E. Dicke (79), Op die plaas Spitsrand, naby Duivelskloof, 1.3.1992.
 63. TA, A2046, PM VN-Tvl, 920301, pp. 71-72. Mev. Gezina Elizabeth Dicke.